**1 Tess 5:17 “Bid sonder ophou! Dinsdag 21 Julie 2020**

Ons leer en bely in die Heidelbergse Kategismus: **“Waarom is gebed vir die Christen nodig?”**

Dan bely ons dat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is, wat God van ons eis en ook dat God wil alleen aan diegene wat bid en dank, sy genade en sy Heilige Gees gee . Maar gebed is ook ‘n baie belangrike deel van ons aanbidding of “Worship”.

Gebed is om aan God die lof en die eer en die aanbidding toe te bring wat Hom alleen toekom. Daarom begin gebed altyd met loprysing, aanbidding, erkenning en belydenis van God se grootheid, liefde, genade, barmhartigheid. Dit gaan daaroor om God alleen, as die enigste lewende, Drie-enige Verbondsgod te eer.

God se opdrag is dat ons moet bid sonder ophou. Daarom lees ons in die Bybel dat gebed nog altyd baie belangrik was.

- Dit word as ‘n feit gestel, dat die man, as hoof van die gesin, veral moet voor gaan in gebed vir ne met sy gesin. **1 Kor 11:4** “Elke man wat bid…”
- Die eerste ding wat die dissipels gedoen het na ‘n reis of as hulle by hulle bestemming aangekom het, was om te bid. **Hand 1:13-14** “In die stad aangekom, is hulle na die bovertrek toe waar hulle gewoonlik vertoef het. Dit was Petrus en Johannes, Jakobus en Andreas, Filippus en Tomas, Bartolomeus en Matteus, Jakobus seun van Alfeus, Simon die Seloot en Judas seun van Jakobus.”
- Niet net het hulle gebid nie, maar hulle het **eensgesind volhard** in die gebed.

  **Hand 1:14** “Hulle het almal **eensgesind volhard** in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.”
- Nadat Petrus en Johannes losgelaat is, het hulle na hulle medegelowiges toe gegaan en vir hulle vertel wat die priesterhoofde en die familiehoofde alles vir hulle gesê het.

  **Hand 4:24ev** Toe hulle dit hoor, het hulle almal saam **tot God gebid en gesê**: “Here, dit is U wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het.”

Gebed is nie om sommer net ligtelik met God te praat nie. Dit is nie ‘n gediggie wat opgesê word nie, maar dit is om met God self te praat deur Jesus Christus. As ons dus onophoudelik moet bid, beteken dit dat ons ‘n biddende lewe moet lei. Dit is soos om iemand met jou selfoon te bel, maar nooit die oproep te stop nie, jou selfoon lê langs jou en voortdurende gedurende die hele dag kan jy met God praat oor alles.

Tog kan iemand vra: God weet alles. Hoekom moet ek nog bid? Omdat God dit van ons vra. God wil geloof en gerpys word. Ons lees in **Ps 50:14** “Lof is die offer wat jy aan God moet bring**....”** **Ps 90:1,2** “Prys God vir wie Hy is.” Gebed is middel waar Ek my hart voor God uitstort. **Ps 62:9** “Vertrou altyd op Hom my volk. Stort julle hart voor Hom uit.”

Hoe meer jy bid en opreg en eerlik jy bid, hoe meer vaardig raak jy in die gebed en hoe nader beweeg jy aan God in jou afhanklikheid. Die Gebed is ook soos wierook vir God. Dit is ‘ n aangename geur vir God. God vra dit van ons. Kom ons bid sonder ophou!

**AMEN** (Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)